



**LEWENSORIËTERING
GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING
DEEL B**

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2 uur

70 punte

INSTRUKSIES

1. Maak seker dat jy te alle tye leesbaar skryf. Versuim om dit te doen kan tot 'n verlies van punte lei.
2. Skryf slegs in swart ink.
3. Vir elkeen van die vrae: Lees of hersien die bron en beantwoord dan die vrae wat volg.
4. Neem kennis van die puntetoekenning voordat jy die vrae in Afdeling A beantwoord. Punte sal vir elke verskillende en lewensvatbare verduideliking toegeken word.
5. Onthou – gehalte bo hoeveelheid is belangrik. (Vermy eenwoordantwoorde.)
6. Indien jy nie genoeg spasie vir 'n vraag het nie, is daar drie ekstra, skoon bladsye (bladsye 16, 17 en 18) aan die einde van die vraestel ingesluit. Dui asseblief die vraagnommer duidelik aan as jy die ekstra spasie gebruik.

INLEIDING

GTA A het op 'n aantal onderling verbonde temas gefokus.

- Die belangrikheid daarvan om jouself te ken en te verstaan ten einde oor jou waardes te besin en gedwing te word om met 'n doel te leef.
- Die dokument het toe die tema van ongeregtheid bekend gestel – waar mense uitgebuit en mishandel word vanweë hul omstandigheidskwesbaarheid. Dit het empatie vir diegene wat minder gelukkig is as jy en 'n dieper begrip vir hul daaglikse stryd aangemoedig.
- Jy is toe genooi om oor die belangrikheid van morele leierskap te debatteer en om die leierskapsdilemma te verstaan.
- Die finale taak het jou bemiddelingsin en probleemoplossingsvaardighede geassesseer.

GTA B sal hierdie temas voortsit, en ondersoek hoe goed jy die konsepte en idees van die GTA geïnternaliseer het, en jou nooi om die morele dilemma van leierskap verder te oorweeg.

AFDELING A KORTVRAE**VRAAG 1****BRON 1****Bill Gates: Waarom ek besluit het om 'n uitgawe van *Time* te redigeer**

Om vandag die nuus te lees laat jou nie eintlik optimisties voel nie. Jou hart breek vir elke persoon wat deur hierdie tragedies geraak word. Selfs vir dié van ons wat gelukkig genoeg is om nie direk geraak te word nie, kan dit voel asof die wêreld uitmekaarval.

Maar hierdie gebeure – hoe verskriklik dit ook al is – vind plaas in die konteks van 'n groter, positiewe tendens. In die algemeen word die wêreld beter.

Dit is nie 'n naïef* optimistiese siening nie; dit word deur data ondersteun. Kyk na die getal kinders wat voor hul vyfde verjaardag sterf. Sedert 1990 het hierdie syfer met die helfte verminder. Dit beteken 122 miljoen kinders is in 'n kwarteeu gered en talle gesinne is die hartseer om 'n kind te verloor gespaar.

En dit is net een maatstaf. In 1990 het meer as 'n derde van die wêreldbevolking in uiterste armoede geleef; vandag is dit net ongeveer 'n tiende. 'n Eeu gelede was dit wettig om gay te wees in ongeveer 20 lande; vandag is dit wettig in meer as 100 lande. Vroue wen al meer politieke mag en maak nou meer as 'n vyfde van lede van nasionale parlemente uit – en die wêreld begin uiteindelik luister wanneer vroue oor seksuele aanranding praat. Meer as 90% van alle kinders in die wêreld woon 'n laerskool by.

Ek probeer nie die werk wat oorbly, onderspeel nie. Om 'n optimis te wees beteken nie jy ignoreer tragedie en ongeregtigheid nie. Dit beteken jy is geïnspireer om te soek na mense wat vordering maak op hul gebied en om te help om hierdie vordering wyer te versprei. As die idee van miljoene kinders wat sterf vir jou 'n skok is, vra jy: Wie is goed daarmee om kinders te red en hoe kan ons hulle help om meer te doen?

Waarom voel dit dus asof die wêreld agteruitgaan? Ek dink dit is deels die aard van nuusdekking. Slegte nuus arriveer as drama, terwyl goeie nuus inkrementeel* is – en nie gewoonlik as nuuswaardig beskou word nie.

Daar is ook 'n toenemende gaping tussen die slegte dinge wat nog steeds gebeur en ons verdraagsaamheid teenoor hierdie dinge. Oor die eeue heen het geweld dramaties afgeneem, en so ook ons gewilligheid om dit te aanvaar.

[Aangepas en vertaal vanuit: Bill Gates. 4 Jan. 2018. <time.com/5086870/bill-gates-guest-editor-time>. Besoek 10/01/2018]

WOORDELYS

- * **Naïef** – toon gebrek aan ervaring, wysheid of oordeel
- * **Inkrementeel** – word meer of voeg meer by

1.1 Die statistiek wat Gates in sy artikel gebruik, is sekerlik baie bemoedigend. Wie is verantwoordelik vir hierdie positiewe verbeteringe?

(1)

1.2 Wat beteken dit volgens die bron om 'n "optimis" te wees?

(1)

1.3 Waarom kan dit volgens die bron 'n goeie ding wees dat slegte nuus aandag geniet?

(2)

1.4 Oorweeg jou antwoord in Vraag 1.3. Bespreek kortliks 'n belangrike **houding** vanuit die bron wat jou kan help indien jy jou in 'n ongewenste situasie bevind.

(2)
[6]

VRAAG 2**BRON 2****Steinhoff-skandaal dui op groot gapings om onetiese korporatiewe gedrag te beëindig**

*'n Korporatiewe skandaal wat rondom een van die grootste ondernemings uit Suid-Afrika, **Steinhoff**, ontvou, het 'n groot rede tot kommer geword. Dit dreig om honderde biljoene rand wat namens baie mense – ryk sowel as gewone Suid-Afrikaners – belê is, uit te wis.*

Dit is nog te vroeg om te praat, maar dit lyk asof veelvuldige hoogs betaalde professionele lae beleggers gefaal het. Dit sluit ouditeure, batebestuurders en nie-uitvoerende direkteure in wat in hul onderskeie rolle moes verseker dat die maatskappy se rekeninge so na aan die waarheid moontlik is.

Steinhoff se aandeleprys het met meer as 90% in duie gestort en byna €10bn (±R150,4bn) aan aandeelhouderswaarde uitgewis binne ongeveer drie dae na die bedanking van die maatskappy se HUB, Markus Jooste, na die nuus dat Duitse aanklaers die maatskappy vir beweerde massiewe rekeningkundige bedrog ondersoek. Steinhoff is op beide die Johannesburgse Effektebeurs en die Frankfurtse Effektebeurs genoteer.

Ons moet vra waarom hierdie entiteite, wat enorme fooie trek, versuim het om die beweerde onreëlmatighede* raak te sien wanneer dit lyk asof hulle dit moes gedoen het indien hulle hul werk behoorlik gedoen het.

Dit is nog te vroeg om te praat, maar sommige mense beskou hierdie skandaal reeds as die grootste korporatiewe mislukking in die geskiedenis van die Johannesburgse Effektebeurs. Met meer as 40 kleinhandelsname in meer as 30 lande was Steinhoff as een van die grootste maatskappye op die effektebeurs geposisioneer.

Elke keer wanneer 'n groot skandaal opduik, word regulerende gapings* geïdentifiseer en nuwe maatreëls ingestel om die klaarblyklike gate toe te maak. Maar die skandale hou aan. Suid-Afrika het sy deel in korporatiewe skandale gehad, waarvan die jongste 'n lys maatskappye is wat verbind word met die Gupta-familiegeïnspireerde staatskaping.* Groot name soos Naspers, KPMG, McKinsey en SAP is gevang in die omvattende web van korrupsie wat na bewering gestuur is deur die Guptas wat noue bande het met die land se president (nou gewese president).

Sommige kommentators het die Steinhoff-saga verbind met die breër etiese uitdagings waarmee Suid-Afrika te doen het. Die integriteit van sommige mense in sleutelgesagsposisies in beide die openbare en privaat sektor word bevraagteken. Dit sluit die land se voormalige president, Jacob Zuma, in wat daarvan beskuldig word dat hy die ampseer geskend* het.

[Aangepas en vertaal vanuit: Jannie Rossouw. 18 Des. 2017
<<https://www.fin24.com/Companies/Retail/steinhoff-scandal-points-to-major-gaps-in-stopping-unethical-corporate-behaviour-20171218>>. Besoek 10/01/2018]

WOORDELYS

- * **Beweerde onreëlmatighede** – vermeende oortredings, wandade, ens.
- * **Regulerende gapings** – gapings in die wet wat seker maak dat maatskappye eties optree
- * **Staatskaping** – 'n situasie waar invloedryke individue of maatskappye korrupsie gebruik om 'n land se beleide, wetsomgewing en ekonomie te vorm om hul eie privaat belange te bevoordeel
- * **Ampseed geskend** – die voormalige president is daarvan beskuldig dat hy nie gehoorsaam was aan die ampseed nie: "Ek verklaar (of bevestig) plegtig dat ek die amp van **President** van Suid-Afrika getrou sal uitvoer en die Grondwet van Suid-Afrika na die beste van my vermoë sal nakom, beskerm en verdedig."

2.1 Watter kritieke **waarde** kan volgens die bron afwesig wees by die "ouditeure, batebestuurders en nie-uitvoerende direkteure" wat versuim het om die beweerde onreëlmatighede in die maatskappy se rekeninge "raak te sien"?

(1)

2.2 Indien die ondersoek aan die lig bring dat 'n groot getal hoëprofiel-werknemers medeverantwoordelik is vir die val van Steinhoff, stel een alternatiewe, en moontlik meer gepaste, vorm van straf buiten tronkstraf voor. Regverdig jou antwoord.

(2)

2.3 Waarom dink jy het Markus Jooste bedank nadat hy verneem het die Duitse aanklaers ondersoek hom vir bewerings van rekeningkundige bedrog?

(1)

2.4 Oorweeg die situasie in Suid-Afrika. Watter bydraende faktore kan moontlik verantwoordelik wees vir ons hoë vlakke van korrupsie en bedrog? Beskryf enige twee faktore kortliks.

(2)

2.5 Verduidelik hoe die Steinhoff-skandaal volgens die bron verbind kan word met breër etiese uitdagings waarmee Suid-Afrika te doen het. Sit kortliks enige twee uitdagings uiteen.

(2)

[8]

VRAAG 3

BRON 3

Hoe korrupsie ontluikende ekonomieë beïnvloed

Korrupsie in 'n nasie se politieke en ekonomiese bedrywighede veroorsaak dat sy hele samelewing ly. Volgens die Wêreldbank is die gemiddelde inkomste in lande met 'n hoë vlak van korrupsie ongeveer 'n derde van dié van lande met 'n lae vlak van korrupsie.

Geen land kon nog korrupsie heeltemal uitskakel nie, maar studies toon dat die vlak van korrupsie in lande met ontluikendemark-ekonomieë* veel hoër is as wat dit in ontwikkelde lande is.

Gekorrupteerde ekonomieë word gekenmerk deur 'n klein middelklas en 'n aansienlike gaping tussen die lewenstandaarde van die hoër klas en die laer klas.

Omdat die meeste van die land se kapitaal saamgevoeg* is in die hande van oligarge* of persone wat korrupste staatsamptenare steun, vloei die meeste van die rykdom wat geskep word ook na hierdie individue.

Korrupsie ontmoedig buitelandse investering. Beleggers wat op soek is na 'n deursigtige en billike, mededingende sakeomgewing, sal dit vermy om te belê in lande waar daar 'n hoë vlak van korrupsie is.

Korrupsie veroorsaak dus dat hierdie samelewings slegter daaraan toe is en verlaag die lewenstandaard van die grootste deel van hul bevolkings.

[Aangepas en vertaal vanuit: Elvin Mirzayev, 2018. How Corruption Affects Emerging Economies, <<https://www.investopedia.com/articles/investing/012215/how-corruption-affects-emerging-economies.asp>>. Besoek 11/01/2018]

WOORDELYS

- * **Ontluikendemark-ekonomieë** – beskryf 'n nasie se **ekonomie** wat beweeg na 'n meer gevorderde ekonomie, gewoonlik deur middel van vinnige groei en industrialisering. Hierdie lande speel 'n toenemende rol beide in die wêreld**ekonomie** en aan die politieke front.
- * **Saamgevoeg** – gekollekteer, saamgestel, versamel is, ens.
- * **Oligarge** – lede van 'n tipe magstruktuur waarin mag berus by 'n klein groepie mense, soos adellikheid, rykdom, familiebande, opvoeding of korporatiewe, godsdienslike of militêre beheer.

3.1 Gee TWEE kenmerke van 'n korrupste ekonomie volgens bron 3.

(2)


3.2 Waarom dink jy ontmoedig korrupsie buitelandse investering?

(1)

3.3 Verduidelik jou begrip van die effek van korrupsie op die laer- en middelklasburgers. Bespreek enige twee effekte in spesifieke besonderhede.

(4)

BRON 4



[Vertaal vanuit: What is Poverty. <<http://socialismoryourmoneyback.blogspot.co.za/2015/06/what-is-poverty.html>>. Besoek 10/01/2018]

WOORDELYS

* **Belastingontduiking** – onwettige niebetaling van belasting.

3.4 Die samelewing beskou materiële rykdom dikwels as 'n teken van sukses. Wat sê die spotprent (bron 4) van hierdie siening?

(2)

3.5 Wat dink jy moet in die lig van die massiewe wêreldwye ongelykheids-gaping verder gedoen word om hierdie gaping te verklein en uiterste armoede te verlig? Gee een voorstel en verduidelik jou keuse.

(3)
[12]

AFDELING B BEREDENEERDE OPSTEL

GTA A en die bronne en vrae in GTA B het jou gehelp om kwessies rondom etiese leierskap te bekyk en te ontleed.

"Etiese leierskap" het teen die einde van 2017 en die begin van 2018 die gonswoord geword. Lees die volgende perspektiewe deur en beantwoord dan die vraag wat volg.

1. **Leierskap** wat gerig word deur respek vir **etiese** oortuigings en waardes en vir die waardigheid en regte van ander. Dit hou dus verband met konsepte soos vertrouwe, eerlikheid, sorgsaamheid, charisma en regverdigheid.

[Aangepas en vertaal vanuit: Ethical leadership – Wikipedia.
<https://en.wikipedia.org/wiki/Ethical_leadership>. Besoek 9/01/2018]

2. Leierskap beïnvloed mense om gemeenskaplike mikpunte te bereik; etiese leierskap bereik hierdie mikpunte op 'n manier wat billik en regverdig is vir jou werknemers, jou klante, jou verskaffers, jou gemeenskappe, jou aandeelhouders en jouself. (Rowe & Guerrero, 2013)

[Aangepas en vertaal vanuit: How Does Ethics Differ from Morals and Values.
<<https://www.nwab.org/sites/default/files/EthicsBackgroundReading.pdf>>.
Besoek 9/01/2018]

3. Die hele idee van etiek fokus op wat mense **glo** reg en verkeerd is, en dan om te bepaal of sekere gedrag **werklik** reg of verkeerd is **op grond van al die beskikbare inligting**. Byvoorbeeld: As dit verkeerd is om dood te maak, hoe kan jy dan die doodstraf regverdig of selfs uit selfverdediging doodmaak?

4. Dit is geen geheim nie dat baie bestuurders dikwels werk sal afskeep om finansiële doelwitte te bereik. Nie net is dit wat gebeur nie, dit is wat verwag word. Onder hierdie omstandighede word leierskap van die organisasie – eng gedefinieer as die bereiking van finansiële doelwitte – geprioritiseer bo etiese optrede.

[Aangepas en vertaal vanuit: *There Are No Ethical Leaders*. <http://www.corporateknights.com/wp-content/uploads/2014/11/EssaySubmission_3.pdf>. Besoek 9/01/2018]

VRAAG 5

Leierskap is 'n rol wat 'n effek het op alle vlakke van 'n organisasie of samelewing. Leiers en hul gedrag beïnvloed alles direk of indirek – van die werknemer- of burgermoreel*, klante- of burgertevredenheid tot die organisasie of land se algehele effektiwiteit.

WOORDELYS

* **-moreel** – vertrou, entoesiasme

In watter mate stem jy saam met of verskil jy van die volgende stelling?

In vandag se wêreld, waar leiers 'n groot verantwoordelikheid dra om hul organisasies effektief en suksesvol te bestuur, is dit onmoontlik om hul integriteit te behou wanneer soveel verantwoordelikheid op hul skouers rus.

Beantwoord hierdie vraag in die vorm van 'n beredeneerde opstel van tussen 500 en 600 woorde.

Beplanning
